Western Cape Government
Environmental Affairs and Development Planning

Direkteur: Omgewing & Ruimtelike Beplanning
Chris Rabie

Verwysing: 1/4/1/1

OMSENDBRIEF 1/2013

AAN ALLE BURGEMEESTERS, MUNISIPALE BESTUURDERS EN HOOF STADSBEPLANNERS

UITNODIGING NA OPENBARE WERKSWINKEL EN OM KOMMENTAAR TE LEWER: WES-KAAPSE KONSEPWETSONTWERP OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 2013

Die Wes -Kaapse Regering, Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning in samewerking met die munisipaliteite, was oor die afgelope jare betrokke by die opstel van geïntegreerde Beplanningswetgewing vir die Wes-Kaap. U Munisipaliteit is op 'n gereelde basis uitgenooi om aan die gesprekke deel te neem en terugvoering oor die vordering met die opstel van die wetgewing is op die Munisipale Bestuurdersforum-vergaderings gegee.

Gedurende verlede jaar het die Department 'n memorandum vir gesprekvoering gesirkuleer en 'n totaal van 56 kommentare is deur munisipaliteite en ander instansies ingedien. Die Department het daarna al die kommentaar oorweeg en 'n konsepwetsontwerp is aan die einde van verlede jaar gefinaliseer. Die publikasie van die Wes-Kaapse Konsep Wetsontwerp op Grondgebruikbeplanning is op 28 November 2012 deur die Kabinet goedgekeur.

Die konsep wetsontwerp is op 18 Januarie 2013 in die Buitegewone Provinsiale Koerant Nr. 7080/2013 vir kommentaar geadvetreer en is hierby aangeheg. Dit is ook op die departementele webblad: www.westerncape.gov.za/eadp beskikbaar.

U word uitgenooi om skriftelike kommentaar teen nie later nie as **8 Maart 2013** by Chrizelle Kriel in te dien; per e-pos: Chrizelle.Kriel@westerncape.gov.za of faks: 021 - 483 4527 of deur dit na die onderstaande adres te stuur.

Neem kennis dat die konsepwetsontwerp in hierdie stadium slegs in Afrikaans en Engels beskikbaar is en dat 'n isiXhosa-weergawe in 'n later stadium uitgereik sal word. In die verband moet egter in gedagte gehou word dat wanneer die konsepwetsontwerp deur

die Staande Komitee vir kommentaar geadverteer sal word, dit in die drie amptelike tale van die Wes Kaap gedoen sal word.

Die Departement gaan ook spesiale werkswinkels oor die konsepwetsontwerp gedurende Februarie 2013 op die verskillende dorpe binne die provinsie en op die datums, soos hieronder gelys, hou. Belangstellende persone wat 'n werkswinkel wil bywoon, moet hul besonderhede aan Marlin Williams by tel: 021 - 483 2800 of e-pos: Marlin.Williams@westerncape.gov.za stuur. Die sluitingsdatum vir die werkswinkel op Moorreesburg is **1 Februarie 2013**, terwyl die datum van die ander werkswinkels op **12 Februarie 2013** is.

Vroegtydige registrasie is nodig om bywoning van openbare werkswinkels te bevestig.

Die werkswinkels word op streekvlak as volg gehou:

Weskus	Vrydag 8 Februarie 2013 09:00 – 16:00	Raadsaal, Weskus Distriksmunisipaliteit Langstraat 58 **MOORREESBURG**
Kaapse Wynland	Maandag 18 Februarie 2013 09:00 – 16:00	Raadsaal, Kaapse Wynland Distrikmunisipaliteit Trappestraat 51 **WORCESTER**
Eden en Sentraal Karoo	Maandag 25 Februarie 2013 09:00 – 16:00	Banketsaal, George Munisipaliteit H/v York- en Victoriastraat **GEORGE**
Overberg	Dinsdag 26 Februarie 2013 09:00 – 16:00	Ouditorium, Overstrand Munisipaliteit Magnolialaan **HERMANUS**
Kaapstad Omgewing	Donderdag 28 Februarie 2013 09:00 – 16:00	Ouditorium Opleidingsinstituut **ELSENBURG**

HOOF VAN DIE DEPARTEMENT

Datum: 21/01/2013

Naskrif: Die vorige Omsendbrief 21/2012: **APPÈLLE TEEN VERGUNNINGSGEBRUIKE INGEVOLGE DIE ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 1985 (ORDONNANSIE 15 VAN 1985)** ", is aan alle munisipaliteite uitgereik.